# Kraggakamma Huisgeloof
## vir kleingroepe, families en stiltetyd
**(22-26 April 2024)**

---

### ONS ONTMOET MEKAAR
Vertel van 'n geleentheid waar jy God se liefde, deur een van sy kinders, in aksie gesien het.

### ONS ONTMOET VIR GOD: GEBED, LOF EN AANBIDDING
Gee geleentheid vir elkeen om te sê hoe dit gaan. Bid vir mekaar.

### GOD ONTMOET ONS
**Skriflesing:** 1 Johannes 3:11-24
**Tema:** Kinders van God het mekaar lief.

## Gespreksvrae:

1. Wat beteken 1 Johannes 3:14 vir jou? ("oorgaan" kan ook met "verhuis" vertaal word)
2. Hoe lê ons, in die praktyk daarbuite, ons lewens vir mekaar af? (1 Johannes 3:17-18) Doen jy dit?
3. Wat beteken 2 Korintiërs 8:13-15 vir jou?
4. Gesels oor wat die volgende belydenis en aanhalings vir julle beteken:

4.1

**Heidelbergse Kategismus, Sondag 21, Vraag 55**

**Vraag 55: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?**
**Antwoord**: Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap het en aan al sy skatte en gawes deel het (a).
Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend (b).
(a) 1 Joh. 1:3; Rom. 8:32; 1 Kor. 12:12, I3; 1 Kor. 6:17. (b) 1 Kor. 12:21; 13:1, 5; Fil. 2:4-8.

4.2 Die Nederlandse prediker, JP Versteeg, skryf: "Die egte God is die gewende God. Egte mense is gewende mense. Nemende mense is onmense. Wie baas is van sy eie goed, wie sy lewe nie as 'n lening van God sien nie, verag ook die liefdesgebod."
By die kruis op Golgota ontmoet ek die gewende God. Hy gee sy enigste Seun, sy genade, liefde en vergifnis. Ek ontvang dit gratis. Ek moet my hande oopmaak, dit aanvaar en 'n gewende mens wees wat dit uitdeel aan myself en aan ander. As ek dit nie doen nie, is ek 'n onmens.

4.3 Thielicke: "Ons spaarboek het miskien meer met hemel en hel te doen as ons psalmboek."

4.4 Wanneer ek instaat is om iemand wat swaarkry te help en ek doen dit nie, vermoor ek so persoon.

Moeder Theresa: "Wanneer 'n arm mens van honger doodgaan, is dit nie omdat God nie vir daardie persoon gesorg het nie. Dit is omdat ons nie instrumente in die hande van God was om vir die arme 'n stukkie brood of klere te gee toe hulle dit nodig gehad het nie."

## GOD ONTMOET DIE WÊRELD DEUR ONS

# Uitsending na die plek waartoe God jou roep

Alles wat ek het en is, is 'n geskenk van God. En as ek dit glo, sal die Heilige Gees my help om anders te dink oor en te doen met my goed, geld, huis, salaris, tyd, kerk, mense en die lewe.